

# Songtekst: Ek Hoor Die Son (2019)

*Part of the ONS PERSEKTIEF album*

**Performed by:** BrotherTill & Die Hooflig

**Written by:** Robin-Dean Fourie & Mathijs van Til

**Ek hoor die son**

**Oor die randtjie van die horison**

**Ek hoor dit kom, ek hoor n song**

**Dis soos n koor en soms verloor ek Hom in die mooiheid van Sy note**

Dis so betowerend dan draai ek om

Baie verstom aan sy grootheid

Ek is so baie dom

Soos baie drom oor n ander storm

Wat hul gan verander en wonder wanneer ons almal om gan kom

Dit maak my moeg

Wanne gaan die see se branders te hard oor die land slaan en ons verwoes...Katrina

Ek is moeg van wroeg en beproef word

Hoe lank moet ek in die son se oë staar en daar deursoek word

So hoekom die beproewings die versoeking van ons mensdom

Die beproewing is bittersoet

Want steeds roep dit ons

Om net langer te staar tot ons verlange wegvaar op daardie branders, want waar anders kry ons n nuwe lied vir ons stembande

Seker in die son se strale..Die spektrum

O Vader, die verwerping bly onveranderd

So help my dit verwerk want ek wil so graag verander

Soms is die klank oorverdowend

Nee..soms is ek net hardhorend vir die simfoniese ondertone

Ek hoor dit nou

Nee ek sien die kleur wat die note hou

Ek is bleek maar nou word dit gebreek soos ek die sonlig in my hande vou

Ek hoor die son oor die randtjie van die horison

Vandag word daai song verwelkom

Dis ons ooreenkoms

Dis juis jy wat alle pyn laat verdwyn

En ek glo dit tot in my onderbewussyn

Want ek hoor die son oor die randtjie van die horison

Ek hoor dit kom, ek hoor n song

Dis soos koor en soms verloor ek Hom in die mooiheid van Sy note

Dis so betowerend dan draai ek om

Ek hoor die son.